# HOOFSTUK 6

# MEDIESE DIENSTE IN DIE KAMP

"Een dokter was maar van weinig nut tussen 5,000 mense. Daar was ook 'n staf van verpleegsters, dog hulle was onervare."[1]

## 6.1 PERSONEELVOORSIENING

Gedurende die winter van 1901 is duisende vrouens en kinders na konsentrasiekampe wat nog nie gereed was vir hul koms nie, gestuur. Hierdie staat van onvoorbereidheid geld ook die voorsiening van mediese personeel en dienste. Tot en met Desember 1901 was daar 'n baie groot tekort aan dokters in die kampe. Voldoende verpleegpersoneel kon ook nie dadelik voorsien word nie, aangesien daar nie soveel opgeleide verpleegsters plaaslik beskikbaar was nie. Die Britse owerheid het ook in die valse gerustheid geleef dat die verpleegpersoneel voldoende was vir die hoeveelheid werk in die kampe. Daarby het hulle die bydrae van die onopgeleide verpleegsters in die versorging van die ernstige siekes en siektes oorskat.[2]

Nadat die burgerlike administrasie die beheer oor die konsentrasiekampe op 6 Februarie 1901 oorgeneem het, het die mediese personeelvoorsiening per kamp soos volg daaruit gesien: 'n dokter, 'n apteker, 'n matrone en

---

1 M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902, p.25.

2 C. Searle, The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960 (socio-historical survey), pp.211, 215.

assistente. Laasgenoemde moes verkieslik vrouens uit die kamp self wees.[3]

Teen Oktober 1901 het elke kamp oor die dienste van een of meer dokters, 'n hospitaalmatrone met 'n aantal verpleegsters, 'n apteker en 'n kampmatrone met haar assistente beskik.[4]

In die Transvaalse kampe kan die voorsiening van mediese personeel in die volgende verhoudings uitgedruk word: een geneesheer vir 2283 mense, een opgeleide verpleegster vir 1756 mense en een opgeleide verpleegster vir 544 mense.[5]

TABEL II: DIE VOORSIENING VAN MEDIESE PERSONEEL IN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP[6]

| MAAND | AANTAL INWONERS | DOKTERS | OPGELEIDE VERPLEEGSTERS | LEERLING VERPLEEGSTERS |
|---|---|---|---|---|
| Junie 1901 | 3145 | 1 | 1 | 12 |
| Augustus 1901 | 3713 | 1 | 3 | 17 |
| Augustus 1902 | 2387 | 3 | 11 | 13 |

Uit bogenoemde gegewens blyk dit eerstens duidelik dat die Pietersburgse kamp in vergelyking met die ander Transvaalse kampe 'n groot tekort

[3] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.6, Pretoria, 22nd March 1901, G.A. Goodwin to J.G. Maxwell.

[4] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal, December 1901, p.39, Enclosure 4 in Sub-Enclosure 3 in No.24.

[5] C. Searle, The history of the development of nursing..., p.217; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.183.

[6] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.144-145; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.373-375; FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, pp.706-711.

aan mediese personeel gehad het. Wanneer die personeelvoorsiening van Augustus 1901 met dié van Augustus 1902 vergelyk word, staan die tekort aan mediese personeel nog duideliker uit. In Augustus 1901 was daar een geneesheer vir 3713 mense, maar in Augustus 1902 was daar een geneesheer vir 795 mense. Volgens Augustus 1902 se mediese personeelvoorsiening moes die kamp in Augustus 1901 oor die dienste van vyf dokters, sewentien opgeleide verpleegsters en twintig leerling-verpleegsters beskik het. Wat die tekort aan mediese personeel soveel ernstiger gemaak het, was die feit dat die maande Junie tot Desember 1901 in die Pietersburgse kamp gekenmerk is deur baie siek persone en sterfgevalle per dag. Gedurende Augustus 1901 was daar gemiddeld 523 persone per dag siek en in dieselfde maand sterf 184 mense,[7] terwyl daar in Augustus 1902 slegs gemiddeld 64 persone per dag siek was en daar het slegs twee persone gesterf.[8]

Daar was nie net 'n tekort wat mediese personeel betref nie, maar ook 'n wanverdeling en -benutting van arbeid. Gedurende Augustus 1901 het die hospitaalmatrone, 'n opgeleide verpleegster en vyf leerling-verpleegsters slegs vyftien pasiënte in die hospitaal versorg,[9] terwyl die kampmatrone en twaalf leerling-verpleegsters daagliks 3698 inwoners en 523 siekes moes besoek en versorg.[10]

---

[7] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.311, Total list of inmates, sick, and deaths in Burgher Camps, Transvaal, August 31st, 1901.

[8] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.706.

[9] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[10] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.373; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

## 6.2 DIE DOKTER EN SY PLIGTE

Die geneesheer in die kamp was dokter Daniel Henderson. Voor sy koms na die Pietersburgse kamp was hy vir amper twee jaar in Victoria-Wes waar hy 'n praktyk gehad het.[11] Hy word beskryf as 'n baie bekwame persoon wat sy pos baie goed volgestaan het.[12]

Dokter Henderson het vanaf Mei 1901[13] tot Februarie 1902[14] diens gedoen as geneesheer. Of hy ook na Colenso gestuur is met die verskuiwing van die kamp blyk nie uit die beskikbare gegewens nie. Wanneer die kamp vanaf die 2de Julie 1902 weer terugverskuif word na Pietersburg, is hy weer die hoof mediese beampte tot 31 Augustus 1902.[15] Oor sy doen en late daarna is niks bekend nie.

Dokter Henderson het in die kamp ingewoon. Hy was in die oggende van nege tot tien in sy spreekkamer in die apteker se tent waar hy siekes ondersoek het, voorskrifte gegee het en boodskappe en verslae van die kampverpleegsters ontvang het. Om tien voormiddag het hy die pasiënte

---

[11] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[12] Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.205, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[13] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[14] DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August, 1905, band 12, Report to 18th February 1902; FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.370.

[15] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, p.714; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 13, 31st August 1902, Monthly Report.

in die hospitaal besoek en daarna het hy uitgegaan op sy rondtes en die siekes in die tente besoek. Wanneer hy met sy rondtes 'n ernstige geval teëgekom het, het hy dit dadelik gerapporteer en die sieke is onmiddellik met 'n draagbaar weggeneem.[16]

Dokter Henderson was vanaf Mei 1901 tot Februarie 1902 - juis in die tyd toe die siektes en sterfgevalle skrikwekkende afmetings aangeneem het - die enigste geneesheer in die kamp. Dokter Bletchley is hom vanaf Februarie 1902 behulpsaam, maar teen daardie tyd het die siektes en sterfgevalle al baie minder voorgekom en die kamp was teen die 18de Februarie 1902 klaar verskuif na Colenso.[17] In hierdie tyd toe daar vir vyf geneeshere werk in die kamp was, moes dokter Henderson alleen werk en dit moes beslis vir hom onmoontlik gewees het om alleen op 'n enkele dag spreekure, hospitaaldienste en nog tentbesoeke bevredigend te behartig. Mevrou J.A. Mollett skryf dat een dokter tussen soveel mense van weinig nut was. Dit was moeilik om hom in die hande te kry. Daar is gewoonlik gesê dat hy op sy rondtes uit was en dat tot die volgende dag gewag moes word.[18] Dokter Percy A. Green van Irenekonsentrasiekamp het self gevoel: "it is quite impossible for the medical officer to visit even the most serious cases more than once in two or three days, and in the meantime the ladies have to look after and report on the cases ... It is quite impossible for a man to visit more

---

[16] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., pp.206, 205, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp. 145, 261, 375; Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.96; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.734.

[17] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Report to 18th February 1902; FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.375.

[18] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.25.

than 50 patients and give them proper attention in one day."[19] Hierdie opmerking is beslis ook geldig vir die Pietersburgse konsentrasiekamp.

Die Dameskomitee het ook hulle besorgdheid oor dié saak uitgespreek. Hulle het gevoel dat vir 'n kamp met meer as 3500 inwoners en veral met die baie siektes wat daar was en nog steeds voorgekom het een dokter heeltemal onvoldoende was. Hulle het ook aangetoon dat dokter Henderson nie nog die 78 vlugtelinge - dit was die vrouens en kinders van die mans wat saam met die Engelse geveg het - wat in die dorp gewoon het medies kon versorg nie. Daar moes besluit word wie dit sou doen.[20] Uit die beskikbare gegewens wil dit tog voorkom of dokter Henderson wel die vlugtelinge medies versorg het, want eers na die verskuiwing van die kamp meld meneer A.G. Watt dat die vlugtelinge in die sorg van dokter Percy A. Green was.[21]

## 6.3 DIE HOSPITAALMATRONE EN HAAR PLIGTE

Die hospitaal en die verpleging aldaar het onder toesig van matrone K. Webb gestaan. Sy is vanaf Pretoria na dié kamp toe gestuur.[22]

Die hospitaalmatrone moes 'n opgeleide verpleegster wat oor genoegsame ervaring beskik het, wees. Sy moes veral oor die gawe van goeie bestuur beskik want een van haar belangrikste pligte sou wees om die hospitaal

---

[19] C. Searle: The history of the development of nursing..., p.215.

[20] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[21] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report; FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.376.

[22] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

te bestuur en om kontrole oor die verpleegsters uit te oefen. Sy sou £12 per maand, vry rantsoene, inwoningsgeriewe, asook 'n toelaag vir haar uniform, vir haar dienste ontvang. Gekwalifiseerde verpleegsters sou £10 per maand ontvang en ongekwalifiseerde verpleegsters £7-10s 0d. In beide gevalle het dit dieselfde voordele as vir die matrone ingesluit. Leerling-verpleegsters het £4 per maand ontvang en moes self hulle uniforms maak. Indien hulle onder die kampinwoners gewerf is, het hulle tussen 1/6d en 2/6d per dag ontvang asook 'n ekstra voedselrantsoen.[23]

Daar was wel vir die maande Mei tot Julie 1901 'n matrone, maar uit die beskikbare gegewens blyk dit nie duidelik wie sy was nie.[24] Begin Augustus 1901 neem mejuffrou Webb beheer oor van die hospitaal[25] waar sy diens doen tot Februarie 1902.[26] Vanaf Augustus 1901 het die hospitaal ook oor die dienste van 'n assistent-matrone beskik, naamlik mejuffrou Pomeroy. Sy was voorheen 'n verpleegster by die Gedenkhospitaal in Kaapstad.[27] Sy het tot Desember 1901 as assistent-matrone diens gedoen.

---

[23] Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, February 1902, p.55, Amendment to Circular 87, December 16th, 1901; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.187.

[24] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.69, 145, 261.

[25] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

[26] FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.370; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Pietersburg Camp Staff, February, 1902.

[27] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August, 1901, Monthly Report.

Gedurende Januarie en Februarie 1902 is matrone Webb deur verpleegster K. Henry bygestaan.[28]

Gedurende Augustus 1901 sien die hospitaalpersoneel soos volg daaruit: matrone Webb, assistent-matrone Pomeroy, vyf leerling- verpleegsters, 'n manlike kampinwoner, twee Kleurlingmans en twee Kleurlingmeisies wat die hospitaal se wasgoed gedoen het.[29] Hierdie personeel was dan verantwoordelik vir die verpleging van slegs vyftien pąsiënte wat hulle op daardie stadium in die hospitaal bevind het.[30]

'n E.P.- en 'n ronde tent is as kwartiere aan die matrone en verpleegsters beskikbaar gestel.[31] Die matrone en haar assistente het saam geëet. Die plaaslike assistente (meisies uit die kamp) het wel tee en sop by die hospitaal gekry, maar verder moes hulle rantsoene trek en het tuis gewoon.[32]

---

[28] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.733.

[29] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

[30] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[31] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95.

[32] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

## 6.4 DIE HOSPITAAL

Die Pietersburgse kamp het vanaf Mei 1901 oor 'n hospitaal beskik. Dit was binne die kamp geleë, maar was met draad omhein.[33]

Die hospitaal het vir die hele duur van die kamp se bestaan net uit 'n aantal tente bestaan. Gedurende November 1901 het die hospitaal uit die volgende tente bestaan:

- Vier E.P.-tente met ses beddens in elkeen.
- Een markeetent met twee beddens in.
- 'n Ronde tent met een bed in.

Gedurende dié maand kon die hospitaal dus net 27 pasiënte huisves. Die Dameskomitee het aangetoon dat die hospitaal heeltemal te klein was vir die grootte kamp wat dit moes bedien. Hulle het aanbeveel dat die hospitaal vyf markeetente moes bykry - vier vir pasiënte en een om as reserwe te gebruik wanneer die ander tente, wat in gebruik was, se vloere ontsmet en oorgemaak is. Hulle het ook aanbeveel dat 'n ronde tent met 'n bad in verkry moes word om pasiënte, indien nodig, te bad voordat hulle in die hospitaal opgeneem is.[34]

Dié aanbevelings is beslis nie dadelik uitgevoer nie, want in Desember 1901 bestaan die hospitaal uit ses E.P.- en drie ronde tente met nog

---

[33] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.69; Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88.

[34] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., pp.205, 208, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

steeds net 27 beddens in gebruik.[35] Van hierdie tente is 'n E.P.- en 'n ronde tent aan die matrone en verpleegsters as kwartiere toegesê en een tent het gedien as kraamafdeling.[36] Gedurende Januarie 1902 was die hospitaal op sy grootste en kon toe 33 pasiënte huisves.[37]

'n Aantal van die beddens wat in die hospitaal gebruik is, was volgens voorgeskrewe patroon met 'n draadmat en binneveermatras. Dié tipe bed is ook in die militêre hospitale gebruik. Agt van die beddens het nog latte gehad en was nie geskik vir hospitaalgebruik nie.[38]

Aanvanklik is die hospitaal se wasgoed deur twee Kleurlingmeisies gedoen,[39] maar vanaf November 1901 is twee stoomketels vir die linne en 'n verbrander vir die verbranding van uitskeidingstowwe in die geval van ingewandskoors gebruik.[40] Die twee ketels en die verbrander was natuurlik 'n groot verbetering vir die hospitaal, daar dit gehelp het om toestande baie meer higiënies te hou en bygedra het tot die voorkoming van die verspreiding van aansteeklike siektes.

---

[35] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

[36] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report.

[37] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.733.

[38] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[39] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

[40] DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

Die hospitaal se kombuis was goed en die sop vir die kamppasiënte is hier gemaak en elke oggend om tien uur is tien gallon sop aan inwoners - volgens die kampmatrone se aanbeveling - uitgedeel.[41]

Met die sluiting van die kamp gedurende Februarie 1902 word die hospitaal gedeeltelik verskuif. 'n Gedeelte daarvan het tydelik onder dokter Bletchly se beheer agtergebly, aangesien twee personeellede en tien inwoners siek was. Die hospitaal sou ook heeltemal verskuif word sodra die pasiënte se gesondheid so verbeter het dat hulle kon reis.[42]

Net soos dit in die ander kampe die geval was, het die inwoners van dié kamp nie graag hospitaal toe gegaan wanneer hulle siek was nie. Daar is reeds daarop gewys dat daar gedurende Augustus 1901 slegs vyftien pasiënte in die hospitaal was waarvan ses malaria, wat hulle in die Laeveld opgedoen het, gehad het, drie longontsteking, een brongitis en 'n ander hartprobleme. Die ander drie pasiënte was daar vir 'n been wat al in die Laeveld afgesit is, een vir 'n seer aan die voet en die ander vir heupprobleme. Dokter Franks wys daarop dat dié gevalle in enige hospitaal kon voorgekom het en dat die pasiënte se siektes nie aan die kamplewe en die ontberinge daar toegeskryf kan word nie. Tog sterf daar dié maand 184 mense wat beteken dat baie ernstige gevalle nooit hopsitaal toe gestuur is nie. Dokter Franks skryf in dié verband: "There has been considerable difficulty in this camp of inducing the people to go into the hospital when considered necessary by the doctor. No measures of coercion were tried until after the Military Governor's circular

---

[41] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.205, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[42] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Report to 18th February 1902; FK 613: Colonial Office 417/350, vol.3, 1902, p.373.

of authority had been received. Since then the aid of the burgher police has been called in two or three times. It is hoped by decrees the difficulty will cease to exist."[43]

J.L. Hattingh noem verskeie redes hoekom die kampinwoners nie hospitaal toe wou gaan nie. Dié redes kan ook vir die inwoners van die Pietersburgse kamp geldig wees:[44]

- Daar is dikwels beweer dat as 'n pasiënt eers hospitaal toe gaan, kom hy nie lewendig terug nie. Hierdie bewering kan egter nie deur amptelike dokumente gestaaf word nie.
- Daar word ook as moontlike rede aangevoer dat die pasiënte honger gely het in die hospitaal. Die bewering was waarskynlik vanweë die feit dat diarree-pasiënte destyds vir sewe dae net water gekry het en dat alle voedsel van hulle af weggehou is.
- Die opgeleide verpleegsters was almal Engelssprekend wat min of selfs geen kennis van die Afrikaanse taal gehad het nie.
- Die ouers kon nie by die hospitaal inwoon nie en die kinders wou natuurlik nie sonder hulle ouers in die hospitaal bly nie.

C. Searle lê in die verband klem op die persoonlike houding van die mediese personeel. Dié personeel het as gevolg van die geweldige hoeveelheid werk nie genoeg geduld en takt gehad nie. Sy wys ook daarop dat as die mediese personeel net die moeders se liefde en toewyding reg wou benut, kon hulle baie kinderlewens met behulp van die moeders gered het en sou hulle nie soveel kinders van hulle moeders weggeskeur en

---

[43] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.217, 218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[44] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.193-195.

hospitaal toe gestuur het nie.[45] Slegs mevrou Mollett het in haar herinneringe 'n opmerking oor die hospitaal en die versorging aldaar gemaak en sy skryf: "Dit was swaar om so van jou familiekring afgeskeur te word, veral na so 'n plek waar 'n mens nie die beste soort behandeling kry nie."[46] Die kampinwoners het beslis so lank as moontlik by die familie probeer bly waar hulle met liefde en toewyding versorg is, en in baie gevalle sekerlik te lank sodat as hulle uiteindelik hospitaal toe gegaan het, was genesing nie meer moontlik nie.

## 6.5 DIE APTEKER

'n Apteker het ook deel gevorm van die mediese span. Dit is moeilik om uit die gegewens te bepaal of die Pietersburgse kamp oor die dienste van een of twee aptekers beskik het. In die maandverslag van Oktober 1901 word J.W. Gowthorpe en J.H. Williams as aptekers genoem,[47] maar in die maandverslag van Januarie 1902 word slegs Williams as apteker genoem.[48]

In 'n mediumgrootte markeetent het die apteker die medisyne volgens dokter Henderson se voorskrifte uitgedeel. Hy het ook melk gemeng en

[45] C. Searle, The history of the development of nursing..., pp.219, 220.

[46] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.25.

[47] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Report.

[48] FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.734; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report.

dit aan kinders en invalides wat 'n doktersvoorskrif daarvoor gehad het, uitgedeel.[49]

## 6.6 ADDISIONELE VOEDSEL OF "MEDICAL COMFORTS"

Hierdie addisionele voedsel het bestaan uit pêrelgort, maizena, melk, vleisekstrakte, brandewyn, wyn, pylwortel, rys, botter, tee, konfyt, meel, hawermeel. Die kampmatrone het dit volgens die dokter se voorskrif aan invalides, kinders en bejaardes uitgedeel.[50] Hierdie voedsel het 'n belangrike aanvulling gevorm by bogenoemde inwoners se dieet om hulle gesondheidspeil te verhoog.

## 6.7 DIE KAMPMATRONE EN HAAR PLIGTE

In elke kamp moes daar 'n matrone wat 'n gekwalifiseerde verpleegster met baie ervaring was, wees. In kampe met 'n inwonertal van 1000 - 2000 persone moes die kampmatrone oor die dienste van 'n opgeleide verpleegster beskik. In kampe met meer as 2000 inwoners moes daar ook 'n assistent-kampmatrone wees en vir elke 1500 inwoners meer as 2000 moes daar 'n opgeleide verpleegster wees.[51]

Ook in dié opsig het die Pietersburgse konsentrasiekamp nie oor die dienste van die nodige personeel beskik nie. Volgens bogenoemde

---

[49] Col. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.145, 261; Col. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88.

[50] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.261; Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96.

[51] Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.55, Amendment to Circular 87, December 16th , 1901.

voorskrifte moes die kamp oor die dienste van 'n kampmatrone, 'n assistentkamp-matrone, twee opgeleide verpleegsters en 'n aantal leerling-verpleegsters beskik het. Vanaf Mei tot Julie 1901 was daar blykbaar net 'n aantal leerling-verpleegsters wat die tente besoek het en aan die dokter gerapporteer het.[52] Mejuffrou Pittendrigh tree vanaf Augustus tot Desember 1901 as kamp- en noodlenigingsmatrone op.[53] In November 1901 het die Dameskomitee aangekondig dat die pligte in die kamp verdeel gaan word[54] en vanaf Januarie 1902 is verpleegster Grafton die kampmatrone en mejuffrou Pittendrigh die noodlenigingsmatrone.[55] Uit die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof die kampmatrone eers vanaf Oktober 1901 oor die hulp van twee opgeleide verpleegsters beskik het, naamlik mejuffrou Keat en Phillips.[56] Mejuffrou Keat word beskryf as baie bekwaam en dat sy dit haar trots gemaak het om die kinders wat siek en swak aan malaria die kamp ingekom het, te versorg en self hulle voedsel voor te berei totdat hulle sterk en pragtig gesond was.[57]

Uit die beskikbare gegewens blyk dit dus dat gedurende die maande Mei tot September 1901 - juis toe daar daagliks baie mense siek was en daar

[52] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.69, 145, 261; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

[53] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Report.

[54] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[55] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.734.

[56] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

[57] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206; Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

baie sterfgevalle voorgekom het - die mediese kamppersoneel heeltemal te min was. Vir drie maande moes die leerling-verpleegsters wat Boeremeisies uit die kamp was self die tente besoek en hulle het nie die kennis gehad om sulke ernstige siekgevalle te verpleeg nie. Met die koms van mejuffrou Pittendrigh moes sy as kamp- en noodlenigingsmatrone optree. Om al die siekes te besoek en nog vas te stel wie baie behoeftig was, was beslis te veel werk vir een mens.

Die kampmatrone se pligte het onder andere die volgende ingesluit:

- Sy moes die moeders leer hoe om hulle kinders te versorg, asook alles rondom higiëne.
- Sy moes 'n aantal jong vrouens, verkieslik ouer as twintig, onder die kampinwoners uitsoek wat as leerling-verpleegsters in die kamp moes werk. Sy moes die kamp in afdelings verdeel. 'n Leerling-verpleegster moes nie meer as 60 tot 70 tente hê om te besoek nie.
- Die kampmatrone moes ook toesien dat die leerling- verpleegsters opgelei word om haar te help met netheid, die neem van temperature, die uitdeel van medisyne en die voorbereiding van addisionele voedsel.
- Sy moes die dokter op sy rondtes vergesel; 'n lys maak van die ernstige gevalle en hulle weer in die loop van die dag besoek. Die ander siekes moes weer in die loop van die dag deur die leerling-verpleegsters besoek word en voor ses namiddag moes hulle aan die matrone terugrapporteer.
- Sy moes die lyste vir addisionele voedsel inneem, dit eweredig onder die leerling-verpleegsters verdeel en hulle moes toesien dat die pasiënte die addisionele voedsel soos deur die dokter voorgeskryf, kry.

- Die kampmatrone moes veral ten tye van 'n epidemie 'n sopkombuis onder haar beheer hou en sop aan die siekes uitdeel.
- Sy moes ook die behoeftes van die kampinwoners vasstel en materiaal, klere, komberse, ensovoorts uitdeel.
- Sy mag nie medisyne voorskryf nie, maar kon enkele middele soos kasterolie, boorsuuroplossing, ideal melk, brandewyn en tee in haar kwartiere aanhou vir noodgevalle.

Of die kampmatrone die moeders onderrig het in die versorging van hul kinders en in algemene higiëne blyk nie uit die beskikbare gegewens nie. Sy het wel 'n aantal jong vrouens onder die kampinwoners uitgesoek om as leerling-verpleegsters op te tree. Of sy toegesien het dat hulle opleiding ontvang is nie duidelik nie. Sy het wel gekla dat hulle nie onpartydig opgetree het nie en veral hulle vriende vir hulp aanbeveel het.[58] Dié leerling-verpleegsters se sin vir netheid het volgens dokter Kendal Franks nie ooreengestem met die algemene Europese standaarde nie.[59]

Wat die verdeling van die kamp in afdelings en die aantal tente per leerling-verpleegster betref, het die Pietersburg kamp aan die voorskrifte voldoen. In Junie 1901 was daar agt leerling- verpleegsters wat elke tent in hul afdelings besoek het.[60] Vanaf Augustus 1901 tot Januarie 1902 is die kamp in twaalf afdelings verdeel met die ooreenstemmende aantal

---

58. Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

59. Cd. 891: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

60. Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.145; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

leerling- verpleegsters.[61] Dit is moeilik om te bepaal hoeveel tente elke leerling- verpleegster gehad het om te besoek. Net die groot hoeveelheid tente word genoem, maar sommige daarvan het as stoor, hospitaal, verpleegsterskwartiere, ensovoorts, gedien. Gedurende 1901 het die kamp uit 745 tente bestaan en daar was twaalf leerling- verpleegsters.[62] Dit gee dan hoogstens 62 tente per leerling-verpleegster.

Die besoek en verpleging van siekes in die tente was nie volgens wense in die Pietersburgse konsentrasiekamp nie. Die leerling-verpleegsters het elke oggend tussen agt en nege die tente in hulle afdeling besoek, toegesien dat die inwoners skoon is, aan die matrone teruggerapporteer en die matrone het dan die skuldiges aan die superintendent gerapporteer. Hulle het ook 'n lys gemaak van al die siekes in hul afdelings, die naamlys aan die matrone gegee en sy het dit weer aan dokter Henderson gegee. Die dokter het alleen op sy kamprondtes uitgegaan en dan bogenoemde siekes besoek. Indien nodig het hy 'n voorskrif vir medisyne en addisionele voedsel uitgeskryf en dit aan 'n verantwoordelike persoon in die tent oorhandig wat dan die medisyne en addisionele voedsel by die apteker gaan haal het.[63]

Dokter Franks het dié stelsel baie onbevredigend gevind en het gevoel dat dié stelsel net verseker dat die medisyne en addisionele voedsel wel

---

[61] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.734.

[62] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

[63] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.96; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

afgehaal word, maar daar was geen waarborg dat die siekes dit ontvang het nie en daar was niemand wat behoorlik toegesien het dat die dokter se bevele en voorskrifte uitgevoer word nie. Hy beveel aan dat die matrone die dokter op sy rondtes moet vergesel en persoonlik sy bevele moet ontvang en dat alle medisyne en addisionele voedsel deur die leerling- verpleegsters uitgedeel moet word en dat hulle dan ook moet toesien dat dit volgens voorskrif gebruik word.[64]

Gedurende November 1901 - dus drie maande later - het dokter Henderson nog steeds alleen op sy rondtes gegaan, maar hy het darem nou aan die matrone 'n lys gegee van medisyne en addisionele voedsel vir siekes in die tente. Die leerling-verpleegsters het die siekes weer in die loop van die oggend besoek en die matrone het saamgegaan na die ernstige gevalle toe en toegesien dat die dokter se voorskrifte uitgevoer word. Die matrone het ook al die kraamgevalle self besoek.[65] Eers gedurende Januarie 1902 het die matrone saam met dokter Henderson op sy rondtes gegaan.[66]

Indien al die volwassenes in 'n tent siek was, is daar spesiaal 'n vrou aangestel om na daardie tent se inwoners te kyk.[67]

---

64 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

65 Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

66 DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st January 1902, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.734.

67 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.219, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

Tot en met Januarie 1902 moes die kampmatrone nie net beheer uitoefen oor die siekes in die kamp nie, maar sy moes ook beheer uitoefen oor die uitdeel van klere en materiaal aan die kampinwoners. Die leerling-verpleegsters moes tydens hulle rondtes let op wie werklik behoeftig was en dit by die matrone aanmeld. Die kampmatrone het alle klere wat vir behoeftiges geskenk is, onder haar beheer gehad en sy het eers elke geval wat aangemeld is, persoonlik gaan ondersoek voordat sy klere uitgedeel het.[68]

Die mense in die kamp het beslis klere en beddegoed benodig. Meneer Tucker skryf in dié verband: "The condition of people arriving in Camp is deplorable. They are usually without bedding, clothing or cooking utensils."[69] Mevrou Mollett noem in haar herinneringe dat vele byna naak was[70] en mevrou Ellie Naude skryf: "Everything was taken from me that 30th of April, so that I had neither food nor clothing left... At the end of three months I got some clothing from Ds. Kriel and was able to make myself and my children tidy: not wholly, but in part."[71] Verpleegster Keat het genoem van 'n ou dame wat gekla het dat sy geen klere het nie en toe is daar sewe onderrokke aan haar gevind. Hierdie voorval was waarskynlik die uitsondering en nie die reël nie.[72]

---

68. Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

69. Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

70. M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.24.

71. E. Hobhouse, War without glamour or women's war experiences written by themselves 1899-1902, pp.13, 14.

72. Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

Van die materiaal wat versprei is, is verkry van die winkel Poynton Bros. van die Kampdepartement en van die Nederlandse Noodlenigingskomitee:[73] asook die Noodlenigingskomitee in Kaapstad wat 55 kratte met goed gestuur het en die Amerikaanse Noodlenigingskomitee wat £50 gegee het.[74]

Dit is baie moeilik om te bepaal in watter mate daar aan die kampinwoners se behoeftes voorsien is, aangesien dit nie bekend is wat elke inwoner se behoeftes was nie. Soos hier bo gesien weet ons het dat die mense met baie min in die kamp in gekom het.[75]

Gedurende Augustus 1901 is die volgende onder die kampinwoners uitgedeel:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 701 | Jaarts flanelet | 804 | Jaarts katoenstof |
| 2 598 1/2 | Jaarts bedrukte materiaal | 73 | Jaarts "galatea" |
| 165 | Jaarts kassemier (kasjmier) | 836 | Jaarts katoen vir seunsklere |
| 334 | Jaarts hempsmateriaal | 101 | Paar kouse |
| 596 | Rolle katoen | 67 | Paar stewels |
| 1 | Pak klere vir 'n seun | 3 | Seunsbaadjies |
| 9 | Hoede en pette vir seuns | 12 | Jaarts merinostof |
| 2 | Hemde. | | |

Gedurende November 1901 is die volgende goedere uitgedeel:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 30 | Jaarts serge (sersje) | 46 | Jaarts "swandown" |
| 200 | Jaarts rokmateriaal | 11 | Langbroeke |
| 29 | Jaarts metonmateriaal | 18 | Jaarts "galatea" |
| 2 | Pakke klere vir seuns | 69 | Jaarts hempsmateriaal |
| 2 | Onderrokke | 361 | Jaarts flanelet |
| 190 | Hemde | 50 | Paar stewels |
| 943 | Jaarts bedrukte materiaal | 435 | Jaarts wit katoen |
| 614 1/2 | Jaarts flanelet | 216 | Spoele (rolle) katoen |

---

73 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.88.

74 DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th November 1901, Monthly Report.

75 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.375; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 49 | Komberse | 7 | Tjalies |
| 61 | Jaarts rompmateriaal | 40 | Jaarts bruin "drill" |
| 42 | Jaarts katoen | | |

## 6.8 SAMEVATTING

Toestande en omstandighede in en om die konsentrasiekampe het die lewens van duisende mense geëis. Die vraag wat dadelik ontstaan is of die mediese personeel en dienste kon voldoen aan die eise gestel? Die kampe is haastig gevorm en was aanvanklik in baie opsigte swak georganiseer. Die voorsiening van mediese personeel en dienste was tot Desember 1901 nie na wense nie.

Die Pietersburgse konsentrasiekamp het beslis 'n tekort aan mediese personeel ondervind. Tot en met die verskuiwing van die kamp in Februarie 1902 het die kamp oor die dienste van net een dokter beskik juis toe die voorkoms van die siektes op sy hoogste was. Verder het die kamp ook nie oor die dienste van behoorlik opgeleide verpleegsters beskik nie en die meeste siekes moes maar deur onopgeleide leerling-verpleegsters, gewerf onder inwoners self, versorg word. Behalwe vir die swak personeelvoorsiening was daar ook 'n wanverdeling en benutting van personeel ten opsigte van die hospitaal en die kamp.

Die hospitaal in die Pietersburgse kamp was ook te klein met slegs 25-33 beddens waar daar daagliks honderde mense ernstig siek was. Effektiewe maatreëls om die verspreiding van aansteeklike siektes te voorkom het ontbreek en die organisasie rondom die tentbesoeke het ook gebreke bevat.

As individue het dié mediese personeel met groot toewyding hulle taak verrig, sommiges het selfs hulle lewe gegee, maar as groep kon die mediese personeel aanvanklik nie die vlaag van siektes en sterftes stuit nie.